

# Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief

Januarie 2006



## Jaar van Gebed



### Gebedsbediening

Al is elke dag 'n dag van gebed, en elke jaar 'n jaar van gebed, is 2006 ook 'n baie spesiale jaar van gebed wat aansluit by die NG Kerk se "Seisoen van luister". Luister na mekaar, na ander en na God.

Daar word 'n ekstra week van gebed beplan. Die gebruik van die Gebedskamer word onder die Gemeente se aandag gebring.

Daar is spesiale Gebedsgeleenthede, daar word gekyk na steungroepe met Gebedsgeleentheid vir mense met spesiale behoeftes en baie, baie meer.

U word genooi om Woensdagaande deel van die Gebedskring te word. **U gebede is so nodig - dit vorm die fondament van die Gemeente**

### Gemeentebediening



2006 is die jaar van gebed. Derhalwe het hierdie Bediening ook u voorbidding nodig sodat hierdie Bediening waarlik kan funksioneer ter uitbreiding van Gods koninkryk.

Die volgende projekte word beplan vir die jaar:

#### 1. Gemeentetoerusting

Daar word beplan om die program van "doelgerigte lewe" oor 'n tydperk van 40 dae aan te bied.

2. Laat ons almal hierdie jaar werklik 'n grootse geleentheid maak van gebed.

Die Bediening wil graag elkeen van die Gemeente 'n baie geseënde jaar toebid. Mag elkeen van ons onnuut 'n ware ontmoeting met die lewende God hê.

---

## OUERSKAPTOERUSTING

met tema: **Positiewe Ouerskap** ('n praktiese program wat mense help om positiewe ouers te wees).

Dit vind plaas in 2 groepe:

- (a) 'n groep vir ouers met kinders voorskool (veral vanaf 3 jr) tot gr 6 (ds. Leon Tait tree as gespreksleier op) en
- (b) 'n groep vir ouers met kinders vanaf gr 7 (ds. Leon van Heerden tree as gespreksleier vir dié groep op).

Albei groepe vind op dieselfde aande en tyd plaas naamlik **18:30 – 19:45 op:**

Woensdag, 8 Februarie : Deelnemende Ouerskap

Woensdag, 15 Februarie : Gedrag van jou kinders

Donderdag, 15 Maart : Kommunikasievaardighede (empatie)

Woensdag, 22 Maart : Verdere kommunikasievaardighede

Woensdag, 29 Maart : Dissipline



U kan telefonies registreer by di Tait (331 2076) of Van Heerden (331 3023) teen Sondagaand, 29 Januarie. Betaling geskied in die halfuur voor die eerste geleentheid, met ander woorde, Woensdag, 8 Februarie om 18:00 – 18:30 by die kerksaal. Koste: R40 per kursuswerkboek

---

*Belydenisklas van 2005, m.a.w. almal wat verlede jaar in George Dickinson en Pieter Meiring se jeuggroepe was en vanjaar belydenis af geloof wil aflê: onthou asb. die verpligte 1-dag kamp (waarvan julle al in 2005 in kennis gestel is en soos dit op vanjaar se kalender staan).*

*Datum: Saterdag, 25 Februarie;*

*Tye: 08:00 – 14:00;*

*Plek: Rietfontein-Suid saal en kerkgebou;*

*Koste: gratis; Navrae: ds. Leon Tait (331 2076/331 4312)*

**REGTE persoon  
op die REGTE plek  
vir die REGTE rede**


**NETWERKKURSUS** - REGTE persoon, op die REGTE plek vir die REGTE redes - almal wat die vorige kursus bygewoon het, skakel asb. vir Jan Landman (082 875 2879) en indien u saam met een van 5 toegeruste persone van Rietfontein-Suid verder wil bid en besin oor die presiese plek waar God u in die gemeente wil gebruik.

-----

Wil u graag meer doelgerig God dien binne die gemeente, maar is onseker oor die presiese plek waar God u wil gebruik? Woon gerus hierdie kursus by op Saterdag, 25 Maart om 08:30 – 14:00 in die kerkgebou. Koste: slegs wees om die koste van u persoonlike kursusboek te dra. Registreer asb. by Bez Bezuidenhout (331 0342) voor 16 Maart.

# SENDING

## Sendingweek 2006

- 
- 19 Februarie - 09:00 - Wynand Malan
  - 19 Februarie - 18:30 - ds. Leon Tait gaan video, "Transformations" wys
  - 20 Februarie - 18:30 - Anthonie Welman – Anthonie lewer verslag
  - 21 Februarie - 18:30 - Hendrik Saayman – Harold Weepener lewer verslag
  - 22 Februarie - 18:30 - Hendrik Saayman - Mike de Beer (Oos-Turkye)
  - 23 Februarie - 18:30 - Aansteklike Christenskap-kursus
  - 26 Februarie - 09:00 - Wynand Malan / Eddie Robinson / Ernst Rischmüller
  - 26 Februarie - 18:30 - Eddie Robinson (Jeugdiens)



Met u hulp maak ons steeds 'n verskil in die lewens van mense in nood!!

Die afgelope Kerstyd is ongeveer 100 kospakkies gemaak wat vele mense se kosnood verlig en vreugde aan 'n saai lewe gebring het. Daar word deurentyd voorraad vir die opmaak van die kospakkies benodig. Die volgende dien as deel van 'n basiese


kospakkie:

- Blikkie vis / blikkie vleis / pakkie soja
- Blikkie sousboontjies
- Blikkie gemengde groente/ ander groente
- Blikkie uie en tamatiesmoor
- 1kg meliemeel
- Rys / pasta
- Blikkie koffie (250g)
- Tee (10 sakkies)
- Pakkie suiker (250g)
- Soppoeier

U kan met die volgende persone met betrekking tot hulp en skenkings in verbinding tree:

1. Izanda Ferreira (Maatskaplike Werker) Ben Swartstr 688, Rietfontein. 012- 331 3644
2. Anna du Piesanie: 012 – 331 2293
3. Riana Hughes: 012 – 330 2973

Baie Dankie



*Dankie dat u dit moontlik gemaak het om meer as 300 mense en gesinne in nood kos te gee die afgelope boekjaar. Die kos se waarde beloop ongeveer R25,000!*

**Goeie nuus aan donateurs!** As deel van 'n geregistreerde Art. 18a OWO kan Brood vir Nood aan donateurs wat gereeld bydra of eenmalig 'n redelike bedrag skenk in die toekoms 'n belastingkwotasie gee vir gedeeltelike belasting-vrystelling ten opsigte van die donasie. **Donasies aan Brood vir Nood is dus belastingaftrekbaar in u hande as skenker.**



\*\*\*\*\*

**Uitneemtye:**

**Dinsdae: 11:00 – 11:30**

**Sondae: 10:00 – 10:30**



*Onthou ongeveer 400 boeke is reeds met ISB nommers gemerk en uitgepak. Verskeie kindervideo's, klank- en beeldvideo's*

ens is ook beskikbaar. Die biblioteek word as 'n diens aan die gemeente bedryf, daarom word geen aansluitingsfooi gevra nie. Donasies vir die uitbreiding en administrasie van die biblioteek sal egter welkom wees.

Ons lidmate kon reeds vanaf 1 Julie 2005 begin boeke uitneem.

**Kom wees deel van die unieke media-ervaring!**

\*\*\*\*\*



## WÊRELDBIDDAG VIR MANS SATERDAG 4 MAART 2006

*Wêreldbiddag vir mans - manne kom bid asb. saam vir die mans van ons gemeente en gemeenskap.*

*Alle mans en seuns wat wil, bid saam in die konsistorie 08:00 - 09:00 aan die hand van 'n paar spesifieke gebedsake t.o.v. mans en hulle behoeftes.*

*Vanaf 09:00 - 15:00 word 'n kettinggebed gevorm waartydens daar elke halfuur 'n ander man in die gebedskamer kom bid vir die spesifieke gebedsake t.o.v. mans en hul behoeftes. Manne, vul asb. jou naam in op die lys wat Sodae beskikbaar sal wees, by 'n tyd wat jou pas vir 'n halfuur van gebed hier op die kerkgronde.*